

Flieker-Flakker

Wendy Maartens
(met erkenning aan I.D. du Plessis)

I.D. du Plessis (1900-1981) was 'n bekende Afrikaanse digter van byvoorbeeld "Rietfontein" uit die Dertiger-beweging. Hy het ook gedigte en verhale uit die Moslem-lewe opgeteken – soos hierdie volksverhaal.

Lank, lank gelede, **toe perde nog horings gehad het**, was daar drie broers. Die dag toe al drie klaar met skool was, het hul pa gevra wat hulle wou word.

"Ek wil leer om te steel," sê die oudste.

"Ek wil leer om goed te skiet," sê die middelste.

"Ek wil leer om te flieker-flakker," sê die jongste.

Die man was baie teleurgesteld omdat sy seuns nie onderwysers of predikante wou word nie, maar besluit om eerder niks te sê nie.

Toe gee hy elkeen 'n paar muntstukke en wens hulle voorspoed toe.

Ná 'n lang gesoek kry die drie 'n onderwyser om die oudste te leer steel, die middelste te leer skiet en die jongste te leer flieker-flakker.

Die drie het maande lank lesse geneem en geoefen.

Op 'n dag roep die onderwyser hulle bymekaar.

"Ek dink julle drie weet nou genoeg," sê hy. "Dis tyd om te kyk of julle al die kunsies wat ek julle geleer het, kan gebruik."

Die drie broers is so opgewonde dat hulle rondtrippel van lekkerkry.

"Gaan na daardie denneboom," beduie die onderwyser vir die oudste broer. "In die eerste mik is 'n duifnes met 'n eier in. Ek wil hê jy moet

die eier onder die duif uit steel sonder dat sy snuf in die neus kry."

Die oudste broer laat ook nie op hom wag nie. Voordat die ander twee broers kan sê "nes" is hy terug. En nie net met die eier nie. Hy steel sommer die hele nes met duif en al sonder



dat sy dit agterkom.

“Gaan staan nou vyftig treeë van hier af,” sê die onderwyser. “Sit die eier op die punt van jou tong sodat jou middelste broer dit kan afskiet.”

Die middelste broer laat ook nie op hom wag nie. Hy korrel en skiet dat jy net eierdoppe sien spat sonder om ’n haartjie van sy broer seer te maak. “Gaan tel jy nou die stukke op en flieker-flakker dit aanmekaar,” beduie die onderwyser aan die jongste broer.

Flieker-Flakker tel die eierdoppe stukkies vir stukkies op en las alles so netjies aanmekaar dat die duif nie kan glo die eier was stukkend nie.

“So ja!” sê die onderwyser. “Nou kan ek julle niks meer leer nie.”

Nie lank daarna nie reis die drie in ’n boot om die wêreld.

’n Walvis pyl uit die diepte op hulle af en byt die boot middeldeur.

Flieker-Flakker spring regop en roep: “My naam is Flieker-Flakker. Kyk hoe vinnig las ek hierdie stukke weer aanmekaar!”

Tot almal se verbasing las Flieker-Flakker die boot se stukke so vinnig aanmekaar dat niemand se voete eers kans kry om nat te word nie.

Toe hulle weer op land kom, beland die broers in ’n woestyn. Drie dae lank stap hulle sonder kos of water totdat hulle by ’n diep gat kom.

“Wat maak ons nou?” vra die oudste broer, wat niks van die donker hou nie.

“Laat my aan ’n tou afsak,” stel die middelste broer voor. Maar dis nie lank nie of hy word benoud en gaan so aan die skree dat hulle hom weer moet ophys.

“Gee my ’n kans,” sê Flieker-Flakker dapper.

Die ander twee bind die tou om sy lyf en laat hom tot op die bodem afsak.

Hy het skaars grond gevat of ’n lelike kabouter met ’n lang baard spring uit die donker.

“Sorg dat my broers ook afkom of ek knoop hierdie lelike baard van jou dat jy dit nooit weer loskry nie,” dreig Flieker-Flakker.

Die kabouter skrik so groot dat hy uit sy pad gaan om die ander broers gerus te stel en in die gat af te help.

Nadat die drie broers die gat deeglik verken en die kabouter goed uitgevra het, klim hulle uit.

Maar o, genadetjie tog! Die kabouter was toe glad nie so behulpzaam as wat hulle gedink het nie. Die plek waar hulle uitklim, is glad nie die plek waar hulle ingeklim het nie.

Die drie broers is in ’n vreemde stad waar nie een van hulle nog ooit

voorheen was nie. Boonop is al die mense so treurig dat dit lyk asof hulle enige oomblik in trane gaan uitbars.

“Wat is fout?” vra die oudste broer aan ’n man in die straat.

“Die koning se jongste dogter is deur ’n monster met sewe koppe ontvoer,” kla die man. “Sy naam is Sapen Sewekop en hy kom elke jaar terug om nog ’n prinses te kom haal.”

“Waar woon Sapen Sewekop?” vra die middelste broer.

Terwyl die man beduie, pleit hy: “Moet asseblief nie soontoe gaan nie. Sapen Sewekop maak almal dood wat hy in die hande kry.”

Die broers steur hulle glad nie aan die waarskuwing nie en stap reguit na die monster se grot. Hulle kan Sapen Sewekop se gebrul van ver af hoor. Boonop borrel die rook en vlamme uit sy sewe bekke soos donderwolke by die grot uit.

“Sapen Sewekop!” roep die oudste broer. “Kom uit as jy nie ’n lafaard genoem wil word nie!”

Voor die broers kan wonder wat aangaan, storm die monster op hulle af. “Skiet!” skree Flieker-Flakker vir sy middelste broer wat ’n skut wou word.

In ’n oogwink rol drie van die monster se koppe teen die berg af, toe nog twee en ’n paar oomblikke later hop die laaste twee koppe oor die klippe terwyl die vonke spat.

Uit die agterste hoek van die grot kom die koning se drie verlore dogters.

Hulle is so dankbaar dat die oudste prinses vir die skut ’n goue bal gee. Die middelste dogter gee vir die broer wat wou leer steel, ’n goue windmeultjie en die jongste dogter vir Flieker-Flakker ’n goue ring.

Die koning is so bly om sy dogters terug te kry dat hy al wat leef en beef nooi om te kom feesvier.

By die fees let die koning op dat sy dogters glad nie opgewonde lyk nie. “Wat is fout?” wil hy weet. “Is julle nie bly om weer by die huis te wees nie?”

“Liewe Pappa,” verduidelik die prinsesse, “ons is bly, maar ons verlang na die drie jongmans wat ons gered het. Kan hulle nie saam met ons kom feesvier nie? Hulle verdien om behoorlik bedank te word.”

Die koning lag en neem sy drie dogters na die troonsaal waar die drie jongmans in deftige goue en wit bruilofsklere wag.

Op elkeen se mantel is Sapen Sewekop in rooi geborduur.

In die skut se hande is die goue bal wat die oudste dogter vir hom gegee

het. In die hande van die broer wat wou leer steel, is die goue windmeultjie wat die middelste dogter vir hom gegee het. En aan Flieker-Flakker se ringvinger is die goue ring wat die jongste dogter vir hom gegee het.

Die drie prinsesse en die drie broers is dieselfde dag nog getroud.

Die koning en sy onderdane het sewe dae lank feesgevier. Die paleiskok het Sape Sewekop in braaitjops opgesny en saam met aartappelslaai en kerrieboontjies bedien. Vir nagereg was daar malvapoeding met sjokoladesous wat ieder en elk na hartelus uit die paleisfontein kon skep.

Die skut het nooit weer lus gekry om iets te skiet nie. Die broer wat wou leer steel, het nooit weer lus gekry om iets te vat nie. En Flieker-Flakker? Dié het sy hande vol gehad om die stukkende speelgoed van al die klein prinsies en prinsessies wat daarna gebore is weer aanmekaar te las.